



Lees in hierdie uitgawe:

- **Skep u eie toekoms: Fokus op die lewe van Dr H F Verwoerd**
Dit sal DV volgende jaar op 6 September 50 jaar wees sedert die sluipmoord op Dr H F Verwoerd. *Die Historiese Kompas* beplan om in die komende jaar op sy lewe te fokus. Hierdie is die eerste in die reeks van beplande artikels daaroor.
- **Oktobermaand : Ware erfenismaand vir Afrikaners**
In die maand Oktober het gebeurtenisse plaasgevind en is persone gebore waardeur ons historiese nalatenskap sterk gevorm is. Lees in hierdie artikel meer daaroor.
- **Monumente wat lewe: Ons geskiedenis digitaal bewaar**
Die geskiedenis van ons volk is oor die jare uitvoerig op film en klankband vasgelê. Om dit vir die nageslag te bewaar en toeganklik te maak het Suidland Media 'n projek begin om hierdie films en klankbande oor te sit op DVD's en CD's. Hierdie artikel bevat besonderhede daarvan.

Frikkie Strauss

REDAKTEUR



SKEP U EIE TOEKOMS

FOKUS OP DIE LEWE VAN DR H F VERWOERD

Septembermaand word as erfenismaand in Suid-Afrika gevier, maar soos verwag, het die historiese erfenis van ons volk nie veel aandag tydens die afgelope vieringe geniet nie. Tog staan Septembermaand in die teken van een van die mees tragiese gebeurtenisse in die geskiedenis van ons volk. Op Dinsdag 6 September 1966, om kwart oor twee die middag het ons een van ons grootste en geliefdste volksleiers verloor toe Dr H F Verwoerd, toe Eerste Minister van Suid-Afrika, aan die hand van die sluipmoordenaar Tsafendas in die Volksraad gesterf het. Dit was nie net 'n dolksteek in sy hart nie, maar ook 'n dolksteek in die hart van die Afrikanervolk, soos sedertdien baie duidelik geblyk het.

Die feit dat Dr Verwoerd in die maand van September gesterf het, is dalk nie sonder betekenis nie. Hy is as 'n seuntjie op 8 September 1901 in Amsterdam in Holland gebore. Die maande van Augustus, September en Oktober 1901 word allerweë beskou as die smartlikste maande van die Tweede Vryheidsoorlog toe duisende Boerekindertjies in die Britse konsentrasiekampe gesterf het, terwyl hulle vaders en andere buite op die slagveld vir die behoud van hulle volk se vryheid geveg het. Op 2 September 1958 word Dr Verwoerd Eerste Minister van Suid-Afrika. Dit plaas hom in die posisie om die vryheidsideaal waarvoor soveel kindertjies en ander hulle lewens opgeoffer het op 31 Mei 1961 te verwesenlik, maar op 6 September 1966 moes hy ongelukkig ook self die hoogste prys daarvoor betaal.

'N MAN VAN DIE TOEKOMS

Dit sal, as die Here wil, volgende jaar op 6 September 50 jaar wees sedert die sluipmoord op Dr Verwoerd. Dit sal die geleentheid bied om sy lewe en die rol wat hy gespeel het in die vorming van ons lewens en die skepping van 'n toekoms vir ons wat ná hom gekom het, weer in oënskou te neem. Dit is baie nodig om dit te doen, want ons as 21ste eeuse Afrikaners het 'n verantwoordelikheid om ook vir ons nageslag 'n toekoms in Suid-Afrika te skep. Dit sal baie moeilik wees om 'n beter leermeester in visionêre denke en toekomsbeplanning as Dr Verwoerd te vind. Sy lewe as 'n man van die toekoms het tipies uitdrukking gevind in sy leuse vir sy volk: **SKEP U EIE TOEKOMS.**

HERSTEL SY NAAM IN ERE

Daar is ook 'n ander, baie belangrike rede waarom dit nodig is om die kollig skerp op Dr Verwoerd se lewe te laat val. Daar was voor Dr Verwoerd nie 'n leier in ons volk se geskiedenis wie se goeie naam na sy dood só beswadder en belaster is as dié van Dr Verwoerd nie. Dit het binne enkele maande na sy dood begin toe daar eers net bedenkinge oor die uitvoerbaarheid van sy volkerebeleid uitgespreek is. Dit het oorgegaan in 'n aanval oor die morele regverdigbaarheid daarvan en uiteindelik het hy die simbool geword van die misdaad teen die mensdom waarvan ons volk beskuldig is. In hierdie proses was daar geen pogings vanuit die geledere van die amptelike volksleiers op politieke, kerklike en kulturele terreine om sy naam te beskerm nie. Op dié wyse het die positiewe fasette van sy lewe natuurlik heeltemal in die slag gebly en is sy nageslag beroof van die voorreg om moed en inspirasie uit sy lewe te put.

Ander volkere het die voorreg gehad om geïnspireer te word deur die denke en dade van hulle leiers wat min of meer tydgenote van Dr Verwoerd was. Vir die Engelse was Winston Churchill die man wat Engeland deur die krisis van die Tweede Wêreld oorlog gelei het. Net so 'n man was Genl Charles de Gaulle vir die Franse en kon hulle nog tot in die laat sestigerjare van die 20ste eeu uit sy leierskap inspirasie put. Vir die Duitsers was Dr Konrad Adenauer die man wat hulle uit die as van die Tweede Wêreldoorlog opgetel het. Wat staatsmanskap betref, het Dr Verwoerd ten minste gelyk gestaan aan enige van hierdie drie persone, maar sy volk is die geleentheid ontnem om na sy dood inspirasie uit sy lewe te put. Die 50ste herdenking van sy dood en die aanloop daartoe in die jaar wat voorlê sal aan ons as 21ste eeuse Afrikaners die geleentheid gee om sy naam weer in ere te herstel en die ware Verwoerd aan sy nageslag bekend te stel. "Eer jou vader en jou moeder....." het God aan die Israëliete by Sinai gesê. Dit geld vandag nog.

'N MAN VAN VRYHEID

Daar is 'n derde rede waarom Dr Verwoerd se lewe en dit waarvoor hy gestaan het vir ons van belang is. Dit was onder sy leiding wat die lank-gekoesterde ideaal van ons volk, naamlik om 'n eie republiek, vry van Britse oorheersing vir alle Afrikaners tot stand te bring, verwesenlik is. Dit was die eindpunt van 'n stryd wat reeds in 1795 met die stigting van die eerste Afrikanerrepubliek in Graaff-Reinet begin het, sterk momentum gekry het met die

Groot Trek en die stigting van twee Boere-republieke, maar wat 'n groot terugslag gekry het toe die twee republieke hulle onafhanklikheid na die Tweede Vryheidsoorlog in 1902 verloor het. Gelukkig was daar manne en vroue wat geweier het om in die verlies van hulle vryheid te berus en die vryheidstryd weer opgeneem het. Dit het uiteindelik uitgeloop op die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961. Ons sou egter net bietjie meer as 5 jaar van ware vryheid geniet, want met die sluipmoord op Dr Verwoerd op 6 September 1966 het die proses begin wat uiteindelik op 27 April 1994 op die formele beëindiging van ons eie republiek uitgeloop het en ons weer onder vreemde heerskappy gebring het.

Net soos die manne en vroue van na 1902 mag ons ook nie berus by die verlies van ons vryheid nie. Ons skuld ons kinders 'n vrye land onder ons eie regering soos ons voorvaders vir ons nagelaat het, want anders dompel ons hulle in 'n moeras van Afrika-ellende. Die hand van die geskiedenis druk swaar op die geslag Afrikaners wat nou lewe. In hierdie opsig maak die lewe van Dr Verwoerd 'n besondere appél op ons. Hy was die laaste in 'n ry van volksleiers wat hulle vir die vryheid van ons volk beywer het. Enkele name kom dadelik in 'n mens se gedagtes op: Andries Hendrik Potgieter, Piet Retief, Sarel Cilliers, Gerrit Maritz, Andries Pretorius (uit die era van die Groot Trek), President Kruger, President Steyn, Genl De Wet, Genl De la Rey (uit die era van die Boere-republieke), Genl Hertzog, Dr Malan, Adv Strydom (uit die 20ste eeu). Dr Verwoerd staan in dieselfde linie as hulle en 'n fokus op sy lewe as die een wat die vryheidsideaal verwesenlik het, trek dadelik hierdie ander persone en ons hele geskiedenis in die gesigsveld in. Ons geskiedenis sal die basis moet vorm waarop ons weer vir ons nageslag 'n vrye toekoms moet skep.

'n Ander aspek van Dr Verwoerd se lewe wat aandag verdien, is sy beleid van volkereskeiding in Suid-Afrika, seker die faset van sy lewe waarvoor hy die meeste beswadder is en waarvoor die krane van die leuen vol oopgedraai was. Dit is nodig dat die waarheid hieroor weer geboekstaaf word vir die nageslag.

Daar is baie ander aspekte van Dr Verwoerd se lewe wat ook aandag verdien, soos sy betrokkenheid by die armblankevraagstuk van die dertigerjare van die vorige eeu, sy rol wat hy as Eerste Minister gespeel het in die onderwerping van die beplande kommunistiese revolusie in Suid-Afrika onder leiding van Nelson Mandela, sy rol in die ekonomiese opbou van Suid-Afrika en sy betrokkenheid by die wel en weë van die destydse Suidwes-Afrika en Rhodesië. Dan is daar natuurlik die gebeure rondom sy dood wat ook bepaalde waarnemings verdien.

VRIENDE VAN VERWOERD

Ons sal probeer om in die paar uitgawes van *Die Historiese Kompas* wat in die volgende jaar moet verskyn in 'n mindere of meerdere mate aan hierdie sake aandag te gee. Om egter reg te laat geskied aan die ryk nalatenskap van Dr Verwoerd sal daar op 'n baie groter skaal dekking daaraan gegee moet word. Daarom wil ons by Suidland Media 'n beroep doen op alle Afrikanerorganisasies, -media, -leiers en -individue om in die jaar wat kom 'n gepaste deel van hulle tyd, energie en finansiële en ander hulpbronne aan hierdie saak af te staan. Een ding waarmee dadelik begin kan word, is om van die vele boeke wat oor Dr Verwoerd geskryf is, te laat herdruk. 'n Aksie om vir Dr Verwoerd weer aan sy volk bekend te stel, kan gedryf word onder die vaandel *Vriende van Verwoerd / Ons is lief vir Verwoerd / Die ware Verwoerd* of enige ander gepaste opskrif. Indien ons gewillig is om die offers te bring wat so'n aksie verg, kan die belofte wat God by Sinai gegee aan diegene wat hulle ouers eer vir ons ook waar word, ".....dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee". So sal ons dan ook in ons tyd praktiese gestalte gee aan Dr Verwoerd se leuse : **SKEP U EIE TOEKOMS.**



OKTOBERMAAND

WARE ERFENISMAAND VIR AFRIKANERS

Onder die vorige politieke bedeling was 10 Oktober een van ons belangrikste volksfeeste. Op dié dag is die geboorte van President Kruger herdenk en daarom het dit as Krugerdag bekend gestaan. Dit was 'n openbare vakansiedag. Dit het egter ook as Hieldedag bekend gestaan en op dié dag het ons ook die lewens in herinnering geroep van die manne en vroue wat deur hulle heldemoed ons lewens gevorm het. Om die uitdagings en aanvegtinge wat die voortbestaan van ons volk oor meer as driehonderd jaar geverg het te bowe te kom, het inderdaad manne en die vroue met die karaktereienskappe van helde geverg en daar was baie van hulle.

Die lewe van President Kruger was in 'n sekere sin die verpersoonliking en uitkristallisering van dit waarvoor sy voorgangers en tydgenote bereid was om alles op te offer wat vir hulle kosbaar was. Baie van hulle is in die maand Oktober gebore of was betrokke by groot, deurslaggewende gebeurtenisse, wat in Oktobermaand plaasgevind het en wat groot heldemoed en offers van die betrokkenes geverg het. Hieronder volg 'n lys daarvan. Daar kan dalk nog wees.

<u>DATUM</u>	<u>GEBEURTENIS</u>
31 Oktober 1517	Martin Luther spyker sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vas en die Protestantse Hervorming in Europa kry vaart
12 Oktober 1652	Van Riebeeck ontvang brief van Here XVII wat uitloop op vrystelling van die Vryburgers in 1657
18 Oktober 1685	Herroeping van die Edik van Nantes in Frankryk wat onder andere uitloop op die koms van die Franse Hugenate na Suid-Afrika
10 Oktober 1815	Frederik Bezuidenhout word by Slagtersnek geskiet, begin van Slagtersnekrebellie
10 Oktober 1825	Pres. Paul Kruger se geboortedag
4 Oktober 1836	Genl Piet Cronje se geboortedag
16 Oktober 1836	Die Slag van Vegkop, waar die groot Matabele-impie van Silkaats deur 'n klein groepie Voortrekkers verslaan word
1 Oktober 1837	Andries Pretorius trek weg uit die Kaap-Kolonie
27 Oktober 1837	Piet Retief vertrek na Dingaan om oor die grond vir die Voortrekkers te onderhandel
Einde Oktober 1837	Hendrik Potgieter trek teen Silkaats op en vernietig die Matabelemag
16 Oktober 1840	Stigting van die Republiek van Natalia
23 Oktober 1847	Genl Koos de la Rey se geboortedag
7 Oktober 1854	Genl Christiaan de Wet se geboortedag
2 Oktober 1857	Pres Steyn se geboortedag
4 Oktober 1871	Sarel Cilliers se sterfdag
7 Oktober 1880	Ongeveer 130 Transvaalse burgers weier om belasting te betaal, die aanleiding tot die Eerste Vryheidsoorlog

9 Oktober 1899	Ultimatum word aan Brittanje gerig om sy troepe terug te trek van die grense van Transvaal
10 Oktober 1899	President Kruger vier sy laaste verjaardig in Pretoria
11 Oktober 1899	Tweede Vryheidsoorlog breek uit
13 Oktober 1899	Eerste geveg in Tweede Vryheidsoorlog vind by Kraaipan in Wes-Transvaal plaas (onder leiding van Genl Koos de la Rey)
19 Oktober 1900	Pres Kruger vertrek met die Gelderland vanaf Lourenco Marques na Nederland
12 Oktober 1908	Die Nasionale Konvensie wat uitloop op die Unie van Suid-Afrika begin in Durban
14 Oktober 1914	Genl Botha kondig krygswet af om die rebellie te onderdruk
27 Oktober 1926	Emily Hobhouse se stoflike oorskot word by die Vrouemonument in Bloemfontein ter ruste gelê
1 Oktober 1937	Dr HF Verwoerd word aangestel as die eerste redakteur van die nuutgestigte koerant <i>Die Transvaler</i> en gebruik dit om die republikeinse ideaal in Transvaal te bevorder
19 Oktober 1950	Dr HF Verwoerd word aangestel as Minister van Naturellesake en begin om die Nasionale Party se beleid van volkereskeiding in Suid-Afrika te implementeer
5 Oktober 1960	Referendum wat uitloop op die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961
25 Oktober 1969	Die Herstigte Nasionale Party word in Pretoria gestig om die proses van uitwissing van ons historiese erfenis onder leiding van die destydse leiers van die Nasionale Party teen te staan. Die Party is vandag nog steeds by hierdie stryd betrokke.

Hierna het daar geen beduidende verdere waardeskeppende gebeurtenisse in ons volk plaasgevind nie, want die proses van volksverraad en abdikasie voor ons vyande wat toe volle vaart gekry het en wat vandag nog voortduur, het enige vorm van visionêre denke of openbaring van heldemoed versmoor en onderdruk.

Hieruit behoort dit vir enige persoon duidelik te wees dat Oktober die swaartepunt van ons geskiedenis is en dat dit 'n baie gepaste maand is om ons volk se historiese erfenis te herdenk. Oktober is inderdaad *Die mooiste, mooiste maand*, maar om baie meer redes as wat die digter C Louis Leipoldt gereken het toe hy die gedig met dié titel geskryf het. Daar is maar min dae in Oktober waarop ons nie iets sal hê om te herdenk nie. Sal dit nie wonderlik wees as daar 'n aksie kan posvat om Oktober as erfenismaand vir die Afrikanervolk in te stel nie? Daar gaan waarskynlik hierdie jaar op 10 Oktober weer verskeie Krugerdagherdenkings gehou word. Dit kan aan die betrokkenes die geleentheid bied om oor hierdie saak te besin. Dalk kan dit die vonk wees wat weer die vlam van Afrikanerskap in ons volk kan laat ontbrand, wat op sy beurt weer kan lei tot 'n voortsetting van die groot daad wat ons geskiedenis gevorm het.



MONUMENTE WAT LEWE

ONS GESKIEDENIS DIGITAAL BEWAAR

In Suid-Afrika is daar tans 'n berekende en sistematiese veldtog aan die gang om die sigbare tekens van ons volk se geskiedenis te vernietig. Dit geskied deur die verandering van die name van plekke, strate, berge, damme en riviere en deur die verwydering van standbeelde en monumente. Die onlangse vlaag van beskadiging van monumente is 'n verdere manifestasie daarvan. Dit is gerig op die uitwissing van ons historiese bewussyn en op ons uiteindelijke permanente verslawing. Iemand het gesê: *Die geskiedenis is die wapen waarmee die oorwinnaar die oorwonnene in permanente knegskap wil hou.* Ons het egter nie nodig om dit toe te laat nie.

MONUMENTE VAN BEELD EN KLANK

Ons vyand kan die sigbare getuieis van ons geskiedenis vernietig, maar niemand kan die monumente wat deur middel van beeld en klank op ons hartsnare en ons breinselle gebou word, vernietig nie. Dit is wat Suidland Media graag wil bereik met die historiese DVD/CD-projek waarmee ons ongeveer ses jaar gelede begin het. Die daad van manne, vroue en kinders wat, in vertrouwe op God, hulle lewens en dit wat vir hulle kosbaar was op die altaar geplaas het om vir ons, hulle nageslag 'n toekoms te skep is op films en klankbande vasgelê en deur Suidland Media oorgedra op DVD's en CD's en vir publieke verspreiding beskikbaar gestel. Deur saam met u kinders en u kleinkinders daarna te kyk of te luister, kan u monumente oprig wat nie afgebreek kan word nie en ons historiese nalatenskap kan voortgedra word tot in die verste geslagte.

SPREI ARENSVLERKE

Die projek is primêr ingestel op die bewaring van 'n kosbare historiese erfenis, wat vanweë tegnologiese vernuwing, op die punt gestaan het om verlore te gaan. Dieselfde tegnologie is nou deur Suidland Media ingespan om hierdie erfenis vir die nageslag in bewaring te hou. Deur hierdie materiaal aan te skaf en daarna te kyk of te luister kan ons weer tot 'n ontdekking van ons ware identiteit kom. So kan ons die arendsvlerke sprei waarmee God ons begenadig het en wat ons moet benut om 'n toekoms vir ons nageslag te skep, soos wat ons voorgeslagte dit vir ons geskep het. President Kruger het gesê: *Neem uit die verlede wat mooi en edel is en bou die toekoms daarop.* Winston Churchill het blykbaar ook iets hiervan begryp toe hy jare later gesê het: *Hy wat die diepste in die verlede kan inkyk, kan die verste in die toekoms insien.* Aangesien die projek nie primêr op wins gerig is nie, maar op verskaffing van inligting aan die volk, word die materiaal teen baie verlaagde pryse aangebied, in die meeste gevalle teen die helfte van die prys waarteen dit in die handel verkoop. Blywende bewaring van hierdie erfenis sal egter eers waarlik suksesvol wees as die DVD's en CD's hul weg tot in elke Afrikanerhuis gevind het. Dan sal niemand ons meer van hierdie erfenis kan beroof, al breek hulle ook al ons monumente af.

Die DVD's en CD's dek bykans die hele spektrum van gebeurtenisse en persoonlikhede wat genoem word onder die artikel *Oktobermaand : Ware erfenismaand vir Afrikaners.* Daar is egter 'n merkbare leemte. Daar is geen film gemaak wat die lewe van Dr HF Verwoerd op 'n omvattende wyse dek nie, terwyl hy die man is wat die vryheidsideaal verwesenlik het van diegene wat voor hom daarvoor geveg het. In 'n bekendstelling van DVD's in September 2012 het ons reeds hierdie leemte uitgewys. Dit is 'n saak wat beslis aangespreek sal moet word in die aanloop tot die 50ste herdenking van die sluipmoord op Dr Verwoerd.

Daar het darem enkele items oor Dr Verwoerd verskyn en hieronder volg besonderhede daarvan.

- **May we never forget**
Hierdie is 'n kort dokumentêre film in DVD-formaat wat 'n baie nugtere en gebalanseerde weergawe gee van die beleidsrigtings van Dr Verwoerd. Inderdaad 'n gepaste titel vir 'n tyd wat die vyande van ons volk graag wil sien dat ons van hom vergeet.
- **The Assassination of Verwoerd**
Hierdie DVD handel oor die sluipmoord op Dr Verwoerd. Alhoewel almal nie noodwendig heeltemal sal saamstem met die sentimente wat in die DVD uitgespreek word nie, is dit 'n getroue weergawe van die werklike gebeure rondom die sluipmoord.
- **Hy was 'n Man**
Twee CD's is gemaak van 'n langspeelplaat wat as 'n herdenkingsalbum na die dood van Dr Verwoerd gemaak is en wel onder redaksie van Prof AN Pelser van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Dit bied 'n kort oorsig van die belangrikste momente van Dr Verwoerd se lewe en bevat uittreksels uit toesprake van hom waarin sy ideale vir sy volk en sy beleid duidelik uiteengesit word. Vir 'n persoon wat blootgestel was aan die valse propaganda oor Dr Verwoerd sal vyf minute se luister genoeg wees om hom te laat besef dat Dr Verwoerd geheel en al iemand anders was as die persoon wat hy leer ken het.

Die CD's is in Afrikaans en Engels. Daar is steurende kraggeluide daarop, maar alles is nogtans duidelik hoorbaar.

Bogenoemde items is deel van die reeks historiese DVD's en CD's wat deur Suidland Media versprei word. Die volledige lys van alle items met hulle pryse en bestelprosedures word hierby aangeheg.



Die Historiese Kompas word uitgegee deur *Suidland Media*. Dit sal op 'n periodieke grondslag verskyn en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Kontakbesonderhede is soos volg: **toekoms@suidland.net**, 022-913 2391, 082-493 3785, Posbus 339, Piketberg, 7320.



Adres : Voortrekkerstraat 97, Posbus 339, Piketberg, 7320
Tel: (022) 913 2353 / 913 2391 / Faks: (022) 913 1482 / Sel: 082 493 3785
E-pos: toekoms@suidland.net